Nogtans?! …Nogtans!!
Habakuk 3

Inleiding

- Al sou petrol styg tot by R30 / liter
  - en dit jou beurt is met die volgende rondte afleggings by Sasol of Mittal

- Al sou jou skoonma net moeiliker en moeiliker raak
  - en jou huweliksmaat nie vir jou opstaan nie

- Al sou die boelies by die skool iemand se
  - snoepiegeld steel en juffrou dink dis jy

... sal jy ***nogtans*** in die Here kan Jubel,
sal jy kan juig in God jou Redder??!
...sal jy kan...?

- Habakuk sê hy sal...
  - ...maar wat weet Habakuk?
  - Is hy nie maar net blind en dromerig oor die wêreld waarin ons lewe nie?

- Maar, sê nou net hy sien wel iets raak... wat is dit?
  - Wat kan jou ook vandag in jou lewe laat sê:
  - Al lyk dinge hopeloos,
    - nogtans sal ek vashou aan God,
    - maar sommer meer as dit... bly wees in God?

Agtergrond van die boek Habakuk

- Om te sien wat Habakuk sien,
    - moet ons sy pad stap van hfstk een af.

- Habakuk het eendag gesit en kyk na al die verkeerde dinge in die lewe
    - en die vraag gevra wat baie mense vandag ook oor God pla
        - As God dan liefde is en regverdig,
            - hoekom kry goeie mense swaar
            - en gaan dit met slegte mense goed?

- Hy gaan met sy probleem na God toe in Hoofstuk 1
    - [Leesv2-4].

2Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here,
moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red?
3Waarom laat u my die onreg sien wat gedoen word,
waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral
rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word
daar getwis en gebaklei. Die wet het nie meer krag
nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense
het die oorhand oor die goeies, en so word die reg
verkrag.

- Habakuk kan dit nie afgesluk kry nie: "Dit kan net nie so werk nie!"
    - Hy besluit dan in hfstk 2 om vasberade te gaan staan en wag vir 'n antwoord
        - soos wat 'n soldaat op 'n uitkyktoring sal wagstaan en ver soek vir iets wat moet aankom.

- Dan kom die Here se antwoord in hfstk 2 vers 4:

"Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry,
maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly."
[OAV – "die regverdige sal deur sy geloof lewe"]

- Hiermee belowe God:
  - die wat boos is sál ondergaan en
  - die wat aan my behoort sál deur hulle geloofsvertroue in my lewe.

- Maar wat beteken die antwoord presies,
  - want dit lyk nie op die oomblik of die goeies wen en die slegtes verloor nie,
    - nie vir Habakuk nie
    - ...en ook nie vir ons vandag nie?

- Dit is waar hoofstuk 3 inkom
  - As hoogtepunt en ook tipe samevatting
    - sien ons wat presies bedoel is met God se antwoord:
  - ...en wat dit vir Habakuk en vir ons vandag beteken.

Hoofstuk 3

- Hier is 4 hoofdele:
  - Die gebed (v2),
  - die visioen van God (v3-15),
  - Habakuk se reaksie daarop(v16),
  - en daarna sy nuwe manier van kyk na die lewe (v17-19).

Die gebed

- So, Habakuk het nou die antwoord gekry:

- God sál met die slegtes afreken
- en sy kinders sal deur geloofsvertroue lewe.

- Maar hy sien dit nie,
  - en nou bid Habakuk dat
  - dieselfde God wat soveel keer in die verlede al ingegryp het,
  - dit nou op die oomblik sal doen wat Hy in sy antwoord belowe het.

Die visioen

- God se antwoord hierop is dan om die gordyn voor Habakuk se oë wegvat
  - en vir ons almal in 'n visoen wys
  - van waarmee en hoe Hy as heilige God agter die skerms besig is.

- En wat Habakuk in hierdie visoen sien
  - is wat ons ook nodig het om raak te sien...
    - iets wat ons koppe sal swaai...
  - Wat sien hy?
    - Verbeel jou jy sit saam en sien die visoen

3 God kom van Teman af,
die Heilige kom van Paranberg af. Sela.
Die hemelruim is vol van sy majesteit,
die aarde vol van sy roem.
4 Hy kom met die glans van die lig,
weerligte blits uit sy hand,
sy hand so vol mag.

- Dit lyk en klink als wonderlik.

- Die Almagtige God wat uiteindelik met helder lig op die donker toneel van die aarde verskyn
- met weerlig in sy magtige hand, reg om te werk.
- maar dan...

5Voor Hom uit gaan die pes,
in sy voetstappe volg die dood.
6Wanneer Hy staan, skud die aarde;
wanneer Hy kyk, bewe die nasies.
Die eeue-oue berge verkrummel,
die ou-ou heuwels val inmekaar,
die berge waaroor Hy van ouds
af gewandel het!
7Ek het gesien hoe onheil
die tente van Kusan tref,
hoe die tentdoeke van Midian bewe.

- Dit begin als mooi met Hom wat kom,
  - maar daar is ook siekte en dood,
  - berge verkummel soos Marie-koekies,
  - dit gaan woes.
  - Daar is onstuimigheid en verskikking!
    - Habakuk sien dit en vra dan...

8Was U kwaad vir die riviere, Here?
Het u toorn teen die strome ontvlam?
Het die see U woedend gemaak
dat U op u perde gery het,
op die strydwaens waarmee U oorwin?

- Met hierdie vrae sê Habakuk eintlik:

- Ek weet dit gaan nie eintlik oor die berge en die riviere en die goeters wat ek nou in die visioen sien bewe en skud nie.
- Dit gaan oor iets anders...
- en dan sien hy die doelgerigtheid van God...

9U het u boog uitgehaal en met ’n eed
die opdrag aan die pyle bevestig. Sela.
U het die aarde oopgebreek
en riviere laat stroom.
10Toe die berge U sien,
het hulle gebewe,
stormwaters het verbygespoel,
die diep water het gedreun
en sy golwe hoog laat opslaan.

11Toe u vlieënde pyle blits
en u blink spies flikker,
het die son en die maan gaan stilstaan
op hulle plek.
12In u gramskap stap U oor die aarde,
in u toorn vertrap U die nasies.

- Ons sien God se doelgerigtheid in sy boog en pyle
  - wat Hy uithaal en gebruik.
  - Dit rammel en skud nie maar net nie...
    - die boog en pyle wat skiet en flits
    - is God wat aktief en doelgerig mik, skiet en doen en regkry op aarde.
- En nóú sien Habakuk die kern van waarmee God besig is, en die liggie gaan vir hom aan:

13U het uitgegaan om u volk te red,

om u gesalfde koning te red.
U verpletter die aanvoerder
van die goddeloses,
U stroop hulle kaal
van kop tot tone. Sela.
14Met sy eie pyle deurboor U
die aanvoerder
wanneer sy manskappe uitstorm
om ons te verstrooi
terwyl hulle jubel soos dié wat die
ellendiges in hulle skuilplekke verslind.
15U trek deur die see met u perde
sodat die magtige waters bruis.

- Hy besef, die Heilige en Almagtige God
    - sit nie maar net daar bo in die hemel en koerant lees,
        - met sy grooste werk om mense op aarde so nou en dan gelukkig te hou nie.
    - daar is 'n groot stryd aan die gang agter die skerms

- Ons God het van die begin af
    - in groot liefde uitgegaan
    - met die missie en doel om sy kinders oor die eeue vir ewigheid te red...
        - deur eerstens sy Gesalfde Koning, Christus, te red,
        - en die duiwel te verpletter.

- In Jesus Christus weet ons klaar wie het gewen...
    - maar lyk dit nog soms of die skobejakke en kokelolle die oorhand het.

        - ons is nog in die oog van hierdie storm
        - in die tussentyd kry sy kinders nog wonde en seer,

- Maar Christene oorleef hulle wonde en seer
    - deur in geloofsvertroue vas te hou aan die feit dat God in Christus wen...
    - Hy wen die duiwel
    - En Hy wen ons terug!

- Dit is wat God se antwoord en hierdie hele visioen probeer verduidelik:
    - Daar is 'n woeste stryd agter die skerms
    - maar
        - aan die einde van die dag gaan god-lose mense hulle verdiende loon kry
        - En sy kinders met geloofverstoue in Hom sal lewe.

Sy Skrik

- Nadat hierdie visoen verby was
    - sien ons hoe Habakuk eintlik hom boeglam daarvoor geskrik het –v16.
        - Hy het gesidder met lippe wat bewe,
        - 'n lamheid in sy lyf en
        - sy bene wat so ruk-ruk.

- Amper dieselfde skok-gevoel wat mens kry as jy amper in 'n groot ongeluk op die pad was.
    - jy het skielik baie bewus geword van hoe kwesbaar jy is

- dat jy in ‘n oogwink self dood kon wees...jy lewe eintlik op die randjie daarvan
- dat jy oorleef het is net genade!

- Hierdie fantastiese visoen van
  - hoe die wonderlike God met lig gevul dramaties op die aarde besig is
  - sodat dit skud en rammel, hoe Hy sy pyle skiet,
  - hoe Hy doelgerig sy Gesalfde en sy mense red, en die vyand vernietig,
    - het Habakuk die grootste skrik van sy lewe gegee.

- Want sonder dat hy dit besef het...
  - is dit wat besig is om rondom hom in die onsigbare wereld te woed

- Skielik... is hy stil.
  - Skielik maak hy vrede dat hy geduldig sal wag dat daardie laaste dag kom.

Nuwe lewensuitkyk

- Na dit alles hoor ons nou hoe hy ‘n ander liedjie sing.
  - Hy sing oor hoe hy nou na die lewe kyk en daaroor voel,
    - nadat hy gesien en iets besef het van waarmee God besig is.

  - In hierdie liedjie sien ons dat iets in Habakuk se kop geskuif het.
    - Hoe sy lewensuitkyk en waardes verander het.

- Hy besef dat,
    - al bot sy vyeboom nie eers met die belofte van vye nie,
    - en in sy wingerde waaraan hy hard gewerk hang nie eens een druifie nie,
    - is daar nog dié belangrikste plek waar God Almagtig wel besig is om sukses te bereik.
        - Daar sal hy nog kan Jubel en kan juig in God
        - ‘n Redder van iemand soos hyself.

- My en jou beeskrale is nie skielik vol nie.
    - Maar Christene het geloofsvertroue in ‘n wonderlike groot God
    - wat besig is met groter goed, buite tyd in ewigheid,
        - as wat in my en jou kop kan inpas.

- Goed wat, as ons dit sou sien,
    - ons broeke sou laat bewe soos Habakuk s’n.

- Die hoë en gevaarlike plekke is nie weg nie,
    - maar deur geloofsvertroue in God
        - wat sy Seun en ons uit die dood gepluk het
    - kan ons soos ‘n rats bokkie balans hou en veilig wees
        - as ons op die hoë plekke van die lewe land
    - Rustig in die wete dat Hy ons lief het en besig is
        - soos duidelik in Jesus se dood en opstanding aan die kruis.

Slot

- Al sou petrol styg tot by R30 / liter

    - en dit jou beurt is met die volgende rondte afleggings by Sasol of Mittal

- Al sou jou skoonma net moeiliker en moeiliker raak
    - en jou man nie vir jou opstaan nie

- Al sou die boelies by die skool iemand se
    - snoepiegeld steel en juffrou dink dis jy

- ... sien jy Hom?
    - Onthou jy dat Hy besig is
    - tref die liefde waarmee Hy besig is vir jou ewige oorlewing jou?

- sal jy nogtans in die Here Jubel,
    - sal jy juig in God...
    - n Redder van iemand soos jy?

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
5 Oktober 2014